# HOOFSTUK 1



*Verby die wonderdaad [1] ..., tot 'n groter toekomsvisie*

### *Elize van Eeden*

Enkele maande voor die selfstandigwording van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO)[2] op 17 Maart 1951, is die baanbreker van hierdie "daad", prof. Ferdinand Postma, oorlede. Die 1951-jaarboek berig hieroor soos volg:

"Op 4 November is ons hooggeagte Rektor, prof. dr. F. Postma, oorlede. Die geskiedenis van die P.U.K. vir C.H.O. is die geskiedenis van prof. Postma ... 'n Laaste daad van onskatbare betekenis wat prof. Postma in belang van die P.U.K. vir C.H.O. verrig het, is die stappe wat hy gedoen het om hierdie Inrigting tot 'n selfstandige universiteit te laat verhef".[3]




***Prof. Ferdinand Postma, pionier vir 'n selfstandige PU vir CHO (Bron: PUK-Argief)***

Selfstandigheid het meer ingehou as net die aangename, maar kortstondige vreugdevierings van Maart 1951. Dit het inderdaad onder meer die volgende beteken: meer vryheid, 'n groter verantwoordelikheid en 'n ononderhandelbare vérsiende volwasse uitkyk op die onderwys, die infrastruktuur, die studente asook die altyd gewaardeerde potensiële gemeenskapsbydrae. Dit was prof. Postma beskore om op die kruin van sy professionele loopbaan hierdie besondere mylpaal te kon aanvoor. Soos die almagtige God dit wou, was dit egter die taak van 'n nuwe geslag denkers om die PUK te lei na die eerste tree van selfstandigheid.



***Die korporatiewe embleem van die PUK, 1951 (Bron: PUK-Argief)***

Die man van die "daad", Ferdinand Postma, het bly voortleef in die korporatiewe beeld van die PUK. Die universiteitsleuse, "In u lig", was sy keuse as teksvers (Psalm 36:10b) tydens die amptelike opening van die verrigtinge by die Studente Algemene Vergadering in 1914. Om die leuse "In Uw licht zien wij het licht" uit te leef, was sy wekroep, naamlik dat op die gebied van die wetenskap in al sy vertakkings noodwendig vir die eer van God "gestry" moes word.[4] Daarom dat die titel van hierdie publikasie gevolglik en eintlik noodwendig met die Universiteitsleuse begin – ter erkenning van Postma as vader van die "Wonderdaad" soos dit in die 2003-publikasie beklemtoon is. Die res van die titel van die 2005-PUK-publikasie, te wete Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, van selfstandigwording tot samesmelting, 1951-2004, vertel die eie verhaal van 53 jaar se tersiêre ontwikkeling aan die PU vir CHO tot en met die historiese samesmelting daarvan in 2004 met die Universiteit van die Noordweste (met sy satellietkampus Mankwe) en die inkorporering van Vista (Sebokeng).



***Die PUK,1951 (Bron: PU vir CHO, Jaarboek, 1951)***

Hierdie volgende publikasie is hoofsaaklik gerig op die ontwikkeling van spesifiek die PU vir CHO sedert selfstandigwording in 1951[5] tot die formele bekragtiging van die samesmelting met die Universiteit van die Noordweste in Mmabatho gedurende 2003. 'n Terugskou word gebied op jare se werk en bydraes waarop die PUK met trots, sowel as met teleurstelling, en selfs met heimwee, terugkyk.[6]

## 1.1 Die PUK: 1951-2004 in 'n neutedop



***Feesvieringe tydens selfstandigwording, 1951 (Bron: PUK-Argief)***

# DIE P.U. VYF JAAR OUD

Op 17 Maart is die P.U. vir C.H.O. vyf jaar oud. Dit is baie min en 'n mens sou amper wil vra of dit nou iets is om mee te spog. Iemand wat egter die Universiteit ken, saam met hom as't ware opgegroei het in die dae van sy stryd om te bestaan, nie alleen in homself nie, maar ook om homself te regverding teenoor 'n vyandige buite-wêreld, teenoor 'n wêreld wat sy Calvinistiese beginsels as onwetenskaplik verwerp, verheug hom grootliks daarin dat hierdie inrigting nou al vir vyf jaar lank bestaan. En as dit net bestaan het sou dit ook nog min gewees het. Maar dit het nog elke jaar 'n fenomenale groei ondergaan. Maar selfs dit sou ook nog van min betekenis gewees het as die Universiteit sy beginsels nie sou handhaaf nie. En dit is seker die grootste vreugde dat die Universiteit kan getuig dat juis in sy prinsipiële grondslag sy groeikrag lê. Nou kan ook eers met reg werk gemaak word van die beginsels waarop die Universiteit sy arbeid verrig. Dit gaan nie sonder groot moeite nie, maar dit is ook 'n vreugde dat ons in die sweet van ons aanskyn kan soek na die ewige beginsels van ons Skepper op alle terreine en Hom in alles kan verheerlik.

## Hulle het gedien

DIE VIERING VAN SY TWEEDE Lustrum deur die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys deur 'n goeie 3000 dosente, studente en gaste was 'n geleentheid vir èn vreugde èn droefheid.

Reeds met die opstelling van die akademiese prosessie het 'n mens kennelik ervaar dat iets skort. Dr. Frans du Toit, ons Kanselier, wat in die vreemde gesterf het, was nie daar om links en regs vriendelik te groet en by name na die welstand van dié en daardie te verneem nie. En die kenmerkende laggie van prof. dr. D. C. S. du Preez is ook nie gehoor nie. Aan die begin van die verrigtinge het prof. dr. J. Chris Coetzee, Rektor en Vise-Kanselier, die kongregasie versoek om enkele oomblikke staande hulde aan die twee ontslapenes te bring.

Later het prof. Coetzee aangedui hoe swaar die verlies aan kosbare lewens was wat die Universiteit in die tien jaar sedert sy selfstandigwording gely het: Sy eerste Kanselier, prof. dr. J. D. du Toit, het in 1953 gesterf, en pas 'n jaar later het die tweede Kanselier, prof. J. C. van Rooy, heengegaan. Vyf raadslede is in hierdie vyf jaar oorlede: mnre. Roelf Grové, Charlie Olën en ds. J. V. Coetzee in 1952, dr. R. G. Amm in 1955 en ds. G. H. J. Kruger in 1957. Benewens prof. Du Preez het die Universiteit vyf dosente deur die dood verloor: proff. J. P. van der Merwe (1952), B. J. de Klerk (1953), R. E. Davies (1960), mnre. F. J. Jooste (1956) en I. J. Joubert (1957).

Van die raadslede wat uitgetree het, het net prof. S. P. van der Walt aktief in diens van die Universiteit gebly. Di. J. A. van Rooy en H. J. R. du Plessis het op hoë leeftyd in 1956 en 1958 onderskeidelik die tuig neergelê en dr. A. van der Poel in 1960. Mnr. D. du Toit het in 1959 uitgetree.

Kort ná selfstandigwording moes prof. G. van Wageningen weens bereiking van die leeftydgrens die tuig neerlê. In 1958 was dit prof. H. G. Schulze se beurt. Die grootste verlies om hierdie oorweging is in 1960 gely: in hierdie jaar het proff. D. J. du Plessis, G. T. S. Eiselen en F. J. Labuschagne die grens bereik.

Intussen het ook twee ereprofessore uit Potchefstroom vertrek: prof. P. J. van der Merwe in 1957 en prof. J. W. Daneel in 1959.

*Die lustrumfeeste van 1956 en 1961 (Bron:* Die Wapad, *11, 7 Mrt. 1956, p. 3;* Die Veteraan, *Jun. 1961, p. 29)*

Die eerste persoon om verantwoordelikheid vir die jong PUK te neem, was die besonder vaardige spreker, bekend as die "volksvader" van die blanke Afrikaanssprekende, prof. Joon van Rooy. Sy rektorskap was egter kortstondig en na sy oorlye is hy in 1953 deur prof. J. Chris Coetzee opgevolg. J. Chris Coetzee kan getipeer word as 'n man van statuur; iemand wat met sy deernisvolle en nederige benadering van sy medemens agting en respek op 'n natuurlike wyse afgedwing het. Vir tien jaar het Coetzee die spreekwoordelike fort gehou en ook sy stempel op alle fasette van universiteitswees afgedruk. Wat algemeen in die Coetzee-termyn opval, is die onvoorwaardelike lojaliteit en onbaatsugtige finansiële ondersteuning wat die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap, die personeel en oud-Pukke gegee het om die Universiteit van sy sinkdakdae[7] te verhef tot 'n spogsentrum met uitgebreide kundigheid en 'n groter visie vir die toekoms. Gedurende 1956 is die Universiteit se eerste lustrumfees (herdenkingsfees) saam met die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gevier[8] en die tweede in 1961. Laasgenoemde verrigtinge het in die Totius-gedenksaal[9] plaasgevind. Die Universiteit het in hierdie stadium al oor sowat 72 morg (61,6 ha) grond beskik waarvan die Potchefstroomse Stadsraad die grootste skenker was. Net buite die munisipale gebied het die Universiteitsraad met owerheidsteun 'n plaas van 288 morg (246,6 ha) gekoop, terwyl 'n plaas van 3186 morg (2 728,9 ha) in die distrik Ventersdorp deur die regering aan die Universiteit geskenk is. Die PUK-bates is in hierdie stadium op sowat R2 132,000 geraam.[10]



*Boubedrywighede gedurende die vyftiger- en sestigerjare. Karlien-koshuis, 1968 (Bron: PUK-Argief, {Piet Fotokuns-versameling})*



*Die Totius-saal in 1961 (Bron: PUK-Argief, {Piet Fotokuns-versameling})*



*Prof. H.J.J. Bingle, 'n onderwysman en innoveerder met nuwe onderwysdenke (Bron: H.J.J. Bingle)*




*Die PUK-vaandel: IN U LIG (Bron: PUK-Argief)*

Toe prof. Hennie J.J. Bingle in 1963, na die aftrede van prof. Coetzee, die rektorsbenoeming aanvaar het, is 'n vinniger uitbreidingsprogram gevolg.[11] Anders as ooit tevore is 'n aansienlik groter mate van vaardigheid, kundigheid en professionaliteit van die meeste ondersteuningsdienste vereis. Net so het die wyse waarop die PUK-beeld na buite bemark is, algaande groter eise gestel. Omstandighede buite die akademiese grense van die kampus was gedurende dié tyd ook nie altyd bevorderlik vir gesonde ontwikkeling en skakeling nie. Hierdie tyd het ook sy gewetenseise gestel – in ooreenstemming met die leuse, "In u lig", was dit vir sommige personeellede onaanvaarbaar dat sekere Suid-Afrikaners blootgestel was aan rasdiskriminerende beperkinge. Van binne en van buite het stemme opgegaan. Spoedig is die PUK, juis omdat die Universiteit gesien is as die "stem van Potchefstroom", jare lank geëtiketteer, soms gekritiseer[12], maar ook gerespekteer.

Ondanks etlike roeringe oor die PUK se funksioneringswyse het prof. Bingle bly fokus op die tipe universiteit wat hy graag wou sien ontwikkel – na ure, dae en maande van onvermoeide insette en beplanning. Benewens 'n toename in die getal professionele vroue-akademici in die Bingletermyn, was 'n toename onder damestudente teen die sestigerjare opmerklik. Studentesport het onder leiding van prof. Bingle algaande meer hoogtes bereik.[13] Voorts het die PUK jaarliks groter subsidies van die regering versoek met die oog op die ontwikkeling van die Universiteitsterrein,[14] sowel as die uitbreiding van personeelkragte.[15] Die rol van die Universiteit binne die gemeenskap in streeksverband het ook 'n al hoe groter onderneming geword. Enkele jare na die Universiteit se tweede herdenkingsfees, is die millenniumfees van die PU vir CHO in 1969 gevier. Hierdie feesviering het plaasgevind in 'n tyd van indringende gesprekke oor die moontlike ontwikkeling van 'n satellietkampus in die snel ontwikkelende Vaaldriehoeknywerheidsgebied.[16]



*Dames-akademici, 1951-2004: v.l.n.r. bo M.E. Botha, L.C. Minnaar, C.R.R. Heydenrich, onder: A. Combrink, M. Wissing, M. Greeff (Bron: PUK-Argief, {Piet Fotokuns-versameling})*



*Die terrein waarop die Vaaldriehoekkampus gevestig sou word ca. 1960's (Bron: PUK-Argief)*





*Bo en heelbo: Van die millenniumfees-verrigtinge, 1969 (Bron: PUK-Argief)*

Ontsettend baie is gedurende die Bingle-era vermag waarvan sommige resultate eers jare later, ná sy aftrede, tot volle wasdom gekom het.[17]

Die teoloog, prof. Tjaart van der Walt, het prof. Bingle in 'n baie onstuimige era as rektor opgevolg. Hierdie onstuimigheid was veel meer te wyte aan PUK-studente en -dosente se bevraagtekening van die regmatige mensebenadering van die regerende politieke party, asook die PUK se status met betrekking tot rasseskeiding, as oor interne PUK-aangeleenthede.

So is prof. Van der Walt reeds by die aanvang van sy rektorstermyn in 1977 gekonfronteer met die Koinonia-verklaring,[18] wat as baie omstrede beleef is en wat waarneembaar deur sommige PUK-akademici gesteun is.[19] Op die Koinonia-debat laat gedurende die sewentigerjare het studentestemme oor die rol van die Afrikaanse Studentebond (ASB) gevolg.[20] Nadat die Onderwyswetgewing in 1983 bekendgestel is, is die Ministerie van Onderwys egter bemagtig om die registrasievoorwaardes aan 'n residensiële universiteit te bepaal op grond van 'n rassekwota en permitte.[21]




*Bo: 'n Collage van knipsels oor onstuimighede in die Eloff-termyn as SR-voorsitter en regs: Politieke bedrywighede tydens prof. van der Walt se termyn as Rektor (Bronne: T. Eloff plakboeke en PUK-Argief)*

Die bykomende voorgraadse toelating van swart, Indiër- en kleurlingstudente – gesien ook teen die agtergrond daarvan dat nagraadse toelating reeds sedert 1973 gegeld het[22] – was 'n vars bries. Hierdie stap het egter nie die ondersteuning van alle PUK-studente, -alumni en algemene ondersteuners weggedra nie[23]. Onder leiding van die Van der Walt-bestuur is die besluit tot oopstelling deurgedruk.

Gaandeweg is daar, binne die raamwerk van nuwe politieke eise en wetgewing, herbesin[24] oor voorregte wat tot en met vroeg in die tagtigerjare hoofsaaklik net vir blanke studente aan die PUK beskore was. Infrastruktureel en bestuursmatig het die PUK ook gedurende die Van der Walt-rektorskap sy vlerke wyer gesprei, al is die onaangenaamheid en teleurstelling van die internasionale ekonomiese en kultuurboikot teen Suid-Afrika[25] vir etlike jare aan die lyf gevoel.[26]

Op bestuursvlak moes 'n nuwe denkkompas die PUK vanaf 1989 oor etlike akademiese golwe in die regte rigting help stuur. Hierdie proses is gelei deur 'n nuut benoemde rektor en erkende wetenskaplike met baie talente. Dié Rektor, prof. Carools Reinecke, was gekonfronteer met 'n politieke bedeling waarin deelnemende bestuur mettertyd as ononderhandelbaar aanvaar is.[27] Voorts moes hy ook die regering se 1990-aankondiging dat onderwysvernuwing beoog word, hanteer. Hierdie vernuwing het geïmpliseer dat die onderwysstelsel in Suid-Afrika die meerderheid Suid-Afrikaners kon akkommodeer.[28] Terselfdertyd is die oopstelling van inwoningsgeriewe aan alle rassegroepe vanaf 26 April 1990[29] goedgekeur na jare van indringende ondersoek sedert die aanvaarding van die 1983-wetgewing.[30] 'n Kwaliteitsoudit van die akademiese programme van die PUK is ook gedurende die negentigerjare onderneem.[31]

Vir prof. Reinecke het hierdie nuwe vooruitsigte binne die konteks van die PU vir CHO nie rimpelloos verloop nie. Ontevredenheid oor interne bestuursprosesse soos uitkontraktering, wat deur sommige mense beskou is as 'n indirekte uitvloeisel van die politieke ontwikkeling in die land, het somtyds onluste en stakings tot gevolg gehad.[32] Op sy beurt het die feit dat die PUK onbetwisbaar as tegnologiese innoveerder binne die akademie en die administrasie moes figureer,[33] vir heelwat positiewe ontwikkeling gesorg.[34]




***'n Eertydse Rektor en Kanselier van die PUK, prof. H.J.J. Bingle, hou die veelbesproke Staatskoerant vas waarin die nuwe Wet op Hoër Onderwys, 1997 in 1998 bekendgemaak is (Bron: PUK-Argief)***

Onder meer het die onderwysherstruktureringsproses in 2000 daartoe gelei dat die Potchefstroomse Onderwyskollege (POK) vanaf 2001 by die PUK ingeskakel het.[35]





*Die wapen van die POK (Bron: PUK Grafiese Dienste)*

Teen die einde van prof. Reinecke se verlengde rektorstermyn in 2001 was die opleidingswerksaamhede van die PUK gestruktureer en geherkurrikuleer in die vorm van 83 kwalifikasies (grade, diplomas en sertifikate). Hierdie grade, diplomas en sertifikate is by die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-Owerheid (SAKO) geregistreer, en onderrig met die oog op die verwerwing hiervan is in 34 skole aangebied. Die Universiteit in sy geheel het gedurende hierdie jaar 'n slaagsyfer van 81% behaal.[36] Die provinsies Gauteng en Noordwes was toe nog steeds, soos in die verlede, die PUK se grootste voedingsbronne van studente (17% elk). Die volgende areas het ook getel onder die res van die voedingsbronne waaruit studente kom: KwaZulu-Natal (12%), die Oos-Kaap (10%), Vrystaat (9%), die Limpopo-provinsie (8%); Mpumalanga en die Noord-Kaap (5% elk), en die Wes-Kaap (2%). 'n Persentasie van 15% studente was van Afrika en internasionale instansies afkomstig.[37] Soos sy voorgangers, het prof. Reinecke ook etlike vermeldenswaardige inisiatiewe vir vernuwing geneem wat eers na sy aftrede ten volle verwerklik is.[38]



*Personeel van die Internasionale Kantoor van die PUK, 2001: prof. Jacques van der Elst en Samia Krippendorf (Bron:* PU-Kaner, *18, 2001, p. 6)*

Vanaf Januarie 2002 moes die nuut benoemde Rektor, voormalige predikant en latere onderhandelaar, dr. Theuns Eloff, 'n paar sensitiewe sake hanteer. In hierdie verband kan gedink word aan kwessies soos die CHO-karakter van die PUK en Afrikaans as akademiese voertaal. Daarbenewens was samesprekings oor 'n beoogde streeksakademiese konsortium reeds in 'n gevorderde stadium,[39] en sodanig hanteer dat 'n nuwe bestuurstruktuur vanaf 2004 bekendgestel is.[40]



*Dr. Theuns Eloff (Bron: T. Eloff)*

Hierdie historiese aangeleentheid waarin die PU vir CHO, die Universiteit van die Noordweste en die Vaaldriehoekkampus omvorm is as die Noordwes-Universiteit (NWU), het spontaan daartoe meegewerk dat die jarelange "van" van die PUK "op die boeke" verdwyn het. Vir jare lank was hierdie "van" 'n omstrede punt van debat in die wandelgange, koerante en lesingsale.

Die aanbied van klasse deur medium van Afrikaans is voortgesit op die PUK-kampus waar die meerderheid studente Afrikaanstalig is.[41] Besondere moeite is in die proses gedoen om studente uit ander taalgroepe te akkommodeer. Vordering is ook enkele jare vantevore gemaak met die daarstelling van 'n volwaardige Internasionale Kantoor, om onder meer uitruilprogramme en uitruilstudente/-dosente na en van die PUK op 'n formele wyse te koördineer, te fasiliteer en aan te moedig.[42] Dr. Eloff het ook, anders as sy voorgangers, aansienlik meer ruimte gebied vir deelnemende bestuur.




In baie opsigte was die tydsgees waarbinne elke rektor die ontwikkeling en die beeld van die PUK moes bevorder, ook onlosmaaklik verstrengel met die algemene tendense en eise van die tyd. Voorts was dit uiteindelik die beslissende rol van tersiêre instellings, die res van die PUK-bestuur, sy dosente, studente en talle ondersteuninspersoneel oor dekades heen wat in wese die PUK gevorm het soos dit teen Januarie 2004 daar uitgesien het.





***Bo: Die PUK-embleem, 2003 (Bron: PUK-Grafiese Dienste)***
***Onder: Die embleem wat in 2004 gebruik is om tien jaar van demokrasie en verandering in Suid-Afrika te gedenk – 'n tydperk waaraan die PUK ook onlosmaaklik verbind was (Bron: http:/www.southafrica.info/ess_info/sa_glance/government/mbeki-cabinet.htm {soektog op 11 Jun. 2004})***



## 1.2 Metodologie en hoofstuk-inhoud





*Die skrywers van die PUK-geskiedenis, 1951-2004: Bo v.l.n.r. Elize S. van Eeden (Red.), Gert N. van den Bergh, Pieter de Klerk, Johann W.N. Tempelhoff, J.A. (Kobus) du Pisani, G.J.J. (Gerhard) Oosthuizen, Pieter L. Möller*

Met sewe medewerkers (en daarby die kultuurkenners Horst Bütow en Peet Ryke) in die projekspan wat die PUK-geskiedenis ná 1951 moet bespreek en afhandel, was die volg van 'n chronologiese benadering tot die inhoud vanuit die staanspoor nie as die aangewese weg beskou nie. Om die rykdom inligting oor die vernaamste aspekte van die bestaan van die Universiteit so verteenwoordigend as moontlik te beskryf, is 'n tematiese weg gevolg.



*Bakens op die PUK se pad na selfstandigwording: a) Burgersdorp (Bron: PUK-Argief)*



*b) Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) (Bron: PUK-Argief)*




*c) Hoofgebou (Bron: PUK-Argief)*

Tema-inhoude is, vir sover as wat dit moontlik is, in ‘n logiese volgorde geplaas. Benewens Hoofstuk 1, is nog tien hoofstukke geïdentifiseer vir die samestelling van die PUK-geskiedenis, 1951 tot 2004.




In Hoofstuk 2 val die kollig eerstens op die ontwikkeling van die universiteitswese oor die algemeen, waarna die fokus verskuif na tersiêre ontwikkeling in Suid-Afrika. Die meeste tersiêre instellings in Suid-Afrika is veral deur die ontwikkeling van die universiteitswese in die Weste beïnvloed. Derhalwe is die benadering in hierdie hoofstuk om eers 'n kort oorsig te gee van die ontwikkeling van die Westerse universiteit, waarna die ontwikkeling van tersiêre opvoedkundige sentra in Suid-Afrika, en die posisie van die PUK binne hierdie kader, oorsigtelik bespreek word.


Om by die breër visie van tersiêre ontwikkeling in te skakel, is die beleid- en bestuurstrukture van die PUK in Hoofstuk 3 bespreek. Die wyse waarop die Universiteit sedert selfstandigwording bestuur is en die algemene beleid wat die Universiteit vervolgens gevestig het, het baie nou saam- geval met die tydsbepaalde bestuursbenadering van die rektor, sowel as van die Universiteitsraad wat saam met 'n spesifieke rektor besluite moes neem. Sodanige besluite was die resultaat van idees wat praktyk gemaak is om die tydspesifieke behoeftes, sake en kwessies tot voordeel van die PUK van daardie bepaalde tydsperiode, én die PUK van die toekoms, te wees. In dié hoofstuk volg 'n bespreking van die algemene beleid van die Universiteit en bestuursampte wat sedert 1951 bestaan het. Die bestuursbenadering van elke rektor en die wyse waarop elkeen die PUK-geskiedenis help vorm het, is ook krities ondersoek.



*Die PUK-bestuur, 1950: voor v.l.n.r. J.C. van Rooy, H.J.R. du Plessis, C. Olën, J.V. Coetzee, J.A. van Rooy, D.N. Kotzé*
*Agter v.l.n.r. G.P. Schoeman, G. du Toit, A. van der Poel, I. Meyer, A.C. Schulenburg, J. Chr. Coetzee, D.J. van Rooy, B.J. de Klerk*
*(Bron: PUK-Argief)*





*Van die fakulteitsgeboue: die hart van die akademiese onderrig. Bo: Fisiologie-gebou, regs: Chemiese en Minerale Ingenieurs-wese-gebou, onder: Ekonomiese Wetenskappe-gebou (Bron: PUK-Argief)*



***Die eerste gradeplegtigheidsgeleentheid na 1951 (Bron: Me. M. Coetzee)***

'n Besonder vername faset van die universiteitswese, naas die bestuur daarvan, is die onderrigfokus en -geleenthede wat dit aan studente bied. In Hoofstuk 4 is die inhoud afgestem op die ontwikkeling van die PUK op onderriggebied. 'n Groot gedeelte van hierdie omvattende hoofstuk is gewy aan die wyse waarop die verskillende fakulteite en departemente binne die vernaamste graadgroepe ontwikkel het. Op welke wyse die PUK as tersiêre instansie reeds sedert onafhanklikwording tot gehalte verbind is, word ook benadruk.

Hoofstuk 5 handel oor die ontwikkeling van 'n navorsingskultuur aan die PUK. Die ontwikkeling van 'n navorsingsbestuurstelsel, befondsingskanale en die ontwikkeling van navorsingsinstitute as 'n bepaalde institusionele verskynsel aan die Universiteit word onder meer bespreek. 'n Rykdom bydraes is deur sommige individue en departemente gelewer wat, vanweë die omvattendheid daarvan, eintlik 'n studie op sy eie regverdig. Tot 'n groot mate was die PUK se navorsingsprestasies ook 'n vertoonvenster na buite.



*PUK-personeel en die Bestuur gedurende die vyftigerjare (Bron: Me. M. Coetzee)*



*PUK-werknemers sedert die vyftigerjare: v.l.n.r Jaap Verhoef, Jannie Schutte, H.G. Stoker, Daan Wissing, P.H. Stoker, Hans van Zyl, Wannie Carstens (Bron: PUK-Argief)*

Aangesien Hoofstuk 5 hoofsaaklik oor die bydraes van dosente binne die groter akademiese struktuur handel, raak Hoofstuk 6 fasette van personeelvoorsiening, -ondersteuning en -ontwikkeling in die algemeen aan. Die personeel van die PU vir CHO het 'n kardinale rol in die ontwikkeling van die Universiteit gespeel. Akademiese standaarde en die aansien van 'n universiteit word geassosieer met die kundigheidsvlak en die akademiese sowel as administratiewe leierskap van sy personeel. Derhalwe word die groei van die personeel in Hoofstuk 6 geëvalueer ten opsigte van effektiewe personeelbestuur, die professionalisering van personeeldienste, die kontrole van produktiwiteit/effektiwiteit by wyse van die bekendstelling van 'n prestasiebestuurstelsel en 'n meer gekontroleerde personeelopleidingstelsel. Ander noodsaaklike fasette, soos diensvoorwaardes, sowel as die ontwikkeling van personeelverenigings en vakbonde word kortliks uitgelig.





*'n Fotospieël van die studentelewe, 1951-2004 (Bron:* PUK-Argief)

Soos die personeel was die studente aan die PUK 'n besonder dinamiese element van hierdie universiteit. Om enigsins reg te laat geskied aan die ontwikkeling van die studentelewe op die PUK is hierdie omvattende hoofstuk (Hoofstuk 7) in twee afsonderlike gedeeltes hanteer. In Deel 1 is die somtyds onstuimige en omstrede rol van die Studenteraad (SR) in die ontplooiing van strukture binne die studentelewe en skakeling na buite beklemtoon. Die SR (gedurende 1975 tot 1999 as Sentrale Studenteraad – SSR bekend) was onder meer die verantwoordelike liggaam vir die kultuur- en die sportaktiwiteite aan die PUK voor en veral sedert selfstandigwording. 'n Oorsig van al die vernaamste kultuuraktiwiteite (Alabama, Thalia, betrokkenheid by die ASB, Korps Veritas en so meer) is ook in Deel 1 van Hoofstuk 7 bespreek, terwyl die sportontwikkeling aan die PUK in Deel 2 van Hoofstuk 7 toegelig word. Daarop volg 'n baie vername faset van studentesamesyn en -sosialisering, naamlik die koshuislewe. Die oriëntering van eerstejaars is 'n tradisie wat veral aan die koshuisstrukture gekoppel is; daarom die plasing daarvan in hierdie afdeling.



*Ondersteuningsdienste ITB (Thabo Molambo); ITB (Rosinah Kgantic); Beskermingsdienste (Patrick Nice) (Bron: ITB en Beskermingsdienste)*

Met die aanbieding van Hoofstuk 8 is al die vernaamste PUK-ondersteuningsdienste, wat oor jare heen 'n bepaalde onontbeerlike bystand aan die onderrigkorps en studente gebied het, beklemtoon. Die rol wat registrateurs en/of viserektore in hierdie verband as oorhoofse toesighouers vervul het, word ook kortliks uitgewys. Sommige van die ondersteuningsdienste wat bespreek word, en wat nie reeds in ander hoofstukke vervat is nie, sluit die volgende in: die Departemente Vergaderingadministrasie, Akademiese Administrasie en Finansiële Administrasie. Daarop volg 'n bespreking van enkele onontbeerlike ondersteuningsdepartemente wat binne een van die gemelde drie departemente gestruktureer is, naamlik die Departement Beskermingsdienste, die Ferdinand Postma-biblioteek, die Departement Openbare Betrekkinge sowel as die ontwikkeling van die Departement Inligtingstegnologie en -Bestuur.



*Lugfoto's van die PUK-kampus (in die sewentigerjare) en die Vaaldriehoekkampus (in die negentigerjare) (Bron: PUK-Argief)*

In die hieropvolgende twee hoofstukke is ietwat wegbeweeg van die algemene bestuur en die mense van die PUK na die omvattende infrastrukturele ontwikkelingsgeskiedenis van die PUK-kampus (Hoofstuk 9) en die algemene ontwikkeling van die Vaaldriehoekkampus (Hoofstuk 10).

Aspekte wat in die redelik omvattende Hoofstuk 9 behandel word, val uiteen in die beplanning en uitvoering van terreinontwikkeling – ‘n ryk en opsigselfstaande geskiedenis waarop die PUK baie trots kan wees. Daarna verskuif die fokus van dié hoofstuk na die Vaaldriehoekkampus. ‘n Geheeloorsig oor die ontstaan en groei van hierdie kampus wat chronologies-tematies aangepak is (Hoofstuk 10), en wat ook die gebou-ontwikkeling insluit, word aangebied.

Die sentrale tema in Hoofstuk 11 is die PU vir CHO in die samelewing as kennisorganisasie op streeks-, nasionale en internasionale terrein – ’n tema wat saamgevat word as die “stem van Potchefstroom”. In wese moet dit beskou word as ‘n samevattende hoofstuk waarin op ‘n meer definitiewe wyse toeligtend en krities te werk gegaan word om sommige van die stemme, denkrigtings en prosesse op die PUK-kampus en na buite, sedert 1951 tot 2003, uit te sonder.‘n Kort epiloog volg na Hoofstuk 11 waarin die samesmeltingsproses van kampusse (die PUK ingesluit) tot die Noordwes-Universiteit (NWU) vanaf Januarie 2004 voorgehou word. Heelwat waardevolle en baie insiggewende inligting is geïdentifiseer wat as bylae ingevoeg kon word. Om te verhoed dat die publikasie uit meer bylae as inhoud bestaan, is organistrukture vir sover as wat dit moontlik is, binne die teks behou en ‘n paar tersaaklike lyste van prominente name geselekteer en as bylae aangebied. Hieronder tel die lys van eregraduandi sedert 1951.

## 1.3 Algemeen

Ter wille van eenvormigheid is deurgaans gepoog om hoofsaaklik die volgende afkorting van die Universiteitsnaam soos tot 2003, naamlik PU vir CHO of PUK of Potchefstroomse Universiteit/kampus, in die teks en in die teks van eindnotaverwysings te gebruik. In gevalle waar Universiteitsdokumente as die vindplek van inligting in die eindnotas aangedui word, is van die afkorting PUvCHO gebruik gemaak. Die skrywers is daarvan bewus dat die gebruik van die benaming vir die Universiteit met of sonder leestekengebruik in sekere tydperke gegeld het. Wanneer verwys is na ‘n student aan die PUK is die skryfwyse “Puk” gevolg.



*Die Eerste Minister, John Vorster, in Potchefstroom, 1977 (Bron: Foto-argief van die Potchefstroom-museum)*




*'n Kykie in die navorsingsproses vir die samestelling van die PUK-geskiedenis, 1951-2004 – Johanna Bornman van die PUK-argief moes bontstaan en kophou (Bron: PUK-Argief)*

Anders as met die gemiddelde wetenskaplike publikasie in geskiedskrywing is 'n aantal illustrasies, foto's en informele inligting ook ingesluit ter wille van lesersvriendelikheid. Baie navorsing is gedoen oor 'n verskeidenheid aangeleenthede binne 'n bepaalde historiese periode. Aan die beskikbaarheid van gedokumenteerde inligting, soos veral ontgin in die PUK-Argief, het dit geensins te kort geskiet nie. Daarby moet erken word dat historiese stiltes wel plek-plek hoë wetenskaplike eise gestel het. Wat andersins as problematies ervaar is insake die verskeidenheid verbandhoudende bronne, was hoeveel van wat en tot welke mate kruisverwysings in eindnotas gedoen moes word waar in meer as een bron oor 'n bepaalde saak verslag gedoen is. Soms het sommige van die bronne verskil oor die afloop van bepaalde sake – 'n aspek wat die navorsingstaak by tye vertraag het.

Die skrywers maak beslis nie daarop aanspraak dat die inhoud van hierdie omvattende deel van die PUK-geskiedenis vanaf 1951 tot 2004, al die detail en inligting wat oor elkeen van temas bestaan, dek nie. Daarby was die uitdaging om die inhoud so na as moontlik tot aan die einde van Augustus 2004, en selfs verder te laat strek, ook 'n uitsonderlike eis aan historici, wat dikwels verkies om binne 'n veiliger gemaksone van tyd binne die navorsingsproses te beweeg. Aan die ander kant was dit 'n voorreg om met soveel vormers van die PUK-geskiedenis, nog in lewe, te kon onderhoude hê, en toegang te kon verkry tot op-die-dag-verwikkelinge waaroor in die wandelgange maar nog net gewonder is.

Dit is die wens van die skrywers dat die ontwikkeling van die PUK vanaf 1951 tot 2004 'n leemte binne die bestaande collage van PUK-geskiedenispublikasies sal vul. Onder hierdie tipe publikasies tel *My erfenis is vir my mooi* deur G.C.P. van der Vyver (1969), wat met die oog op die 100-jarige herdenking van die PUK uitgegee is. Die 1971-publikasie van P.D. van der Walt et al. (red.), *Besinning en uitsig* is in dieselfde gees gepubliseer en is saamgestel uit 'n keur van referate wat tydens die eeufeesjaar







*Links: G.C.P. van der Vyver, regs: P.D. van der Walt (Bron: PUK-Argief)*

in 1969 gelewer is. Vir die POK, wat in 2001 amptelik by die PUK ingelyf is, was 1969 ook 'n besondere jaar toe die halfeeufeesviering van die Onderwyskollege gedenk is. 'n Publikasie geredigeer deur P. Pistorius en getitel *POK 50 jaar* is tydens die 1969- feesgeleentheid bekendgestel.




*Die publikasie van die P. Pistorius-boek (Bron: PUK-Argief)*






*Links: J.S. du Plessis , regs: B. Spoelstra (Bron: PUK-Argief)*


Heel waarskynlik het die behoefte aan 'n meer omvattende wetenskaplike studie oor die geskiedenis van die PU vir CHO, vier jaar later (1975), aanleiding gegee tot die verskyning van nog 'n PUK-geskiedeniswerk, geskryf deur prof. J.S. du Plessis en getiteld *Geskiedenis van die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike*

*Hoër Onderwys, 1919-1951*. Daarna het, benewens die publikasie van artikels en geleentheidsredes wat van tyd tot tyd gelewer is, 'n dekade van stilte op hierdie terrein gevolg. 'n Aantal ongepubliseerde manuskripte oor fasette van die PUK het ook vroeg in die negentigerjare verskyn, waaronder H.G.W. du Plessis se "PUK en die Afrikaanse taalbewegings" (1993); J.H. Helberg en H. Moraal, "Die kulturele karakter van die PU vir CHO" (1993) en B. Spoelstra se "Bakens en vraagtekens oor 125 jaar" (1993).

***H.G.W. du Plessis*** ***H. Moraal***
***(Bron: H.G.W. du Plessis en H. Moraal)***

Twee feespublikasies is gedurende die negentigerjare uitgegee om min of meer saam te val met die 125-jarige feesgeleentheid. Die eerste publikasie is dié van L.O. Lategan en B.J. van der Walt en is getiteld *Die universiteit van die PU vir CHO: Gister, vandag en môre* (Reformatoriese Instituut, Potchefstroom, 1994). 'n Volgende publikasie wat verband hou met die 125-jarige feesvierings is *Verkennings in oorgang* (1998) wat as 'n supplement van die tydskrif Koers deur die Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte uitgegee is. In hierdie bundel is 'n aantal opstelle vervat, wat hoofsaaklik deur lede van die PUK-Raad geskryf is en die ampstermyne van vorige rektore krities beskou. Vyf jaar later volg die mees omvattende publikasie nog oor die PUK. Hierdie publikasie, *Wonderdaad...! Die PUK tot 1951: Wording, vestiging en selfstandigheid* (2003) dek die ontstaansgeskiedenis van die Universiteit tot en met selfstandigwording, en is kleurvol en omvattend beskryf deur P.F. van der Schyff.



***P.F. van der Schyff (Bron: PUK-Argief)***

In 2003 is ook die eerste deel van twee beoogde publikasies, getiteld *Sages en legendes* met prof. Piet van der Schyff as redakteur, bekendgestel. Hierdie eerste deel bevat brokkies inligting oor insidente wat op die PUK plaasgevind het, soos dit na vore gekom het uit die skat van oud-Pukke se herinneringe. *Sages en legendes* verleen ook erkenning aan besondere persoonlikhede wat oor die jare heen as 't ware ikone van die PUK geword het. Die verwagting is dat Volume 2, wat in 2005 bekendgestel word, hierop sal voortbou. Daarmee sal meer as 'n eeu se tersiêre geskiedenis afgesluit word met die oog op 'n "nuwe begin" binne 'n groter tersiêre struktuursopset.

Om dus te kon begin by die PUK-begin – 1951 – is 'n geskiedenis van die universiteitswese as instelling as algemene vertrekpunt nodig. Hierdie vertrekpunt is in Hoofstuk 2 aan die orde. Daarmee word die nodige konteks en samehang geskep sowel as 'n begrip bevorder vir sake en besluitnemings wat ook 'n effek op die ontwikkeling van die PUK gehad het. Vervolgens Hoofstuk 2.